voor ek bekend was...

NIEMAND WOU MY ERNSTIG OPNEEM NIE

CHATA ROMANO

EK HET VAN KLEINS AF GEWEET EK WIL EENDAG VROUE BEMAGTIG OM GOED TE VOEL OOR HULLESELF.

Dis met hierdie visie dat ek na skool vir 'n driejaar-modeontwerpkursus in Durban ingeskryf het. Ek was baie opgewonde en het my droom al voor my geestesoog sien waar word. My eerste projek was 'n meng-en-pas-reeks vir wáre vroue. Ek het baie moeite gedoen en was baie trots daarop, maar die dosent het hierdie einste projek voor die hele klas uitmekaar getrek. Ek het dadelik besef dit was nie vir my nie. Ek het huistoe gegaan en 'n nuwe doelwit gaan soek.

Ek het darem gelukkig genoeg selfvertroue gehad om my deur hierdie tyd te dra. 'n Week of wat later het ek, platgeslaan, maar nog nie mismoedig nie, by 'n groot kettingwinkelgroep aansoek gedoen om in hulle handelsopleidingsprogram opgeneem te word. My aansoek was onsuksesvol, want volgens hulle was ek te jonk (ek was 19). Ek was baie gefrustreerd en kon nie verstaan hoekom dinge nie wil uitwerk nie. Dit was dan my droom!

Maar ek het nie gaan lê nie. Ek het weer aansoek gedoen en na 'n lang gesukkel en gesmeek is ek uiteindelik aanvaar. En op 25 bewys ek al my kritici verkeerd deur senior aankoper te word. My visie was nou om baie verder in die maatskappy te vorder, maar volgens die hoofbestuur sou 'n vrou nie werklik 'n meer senior posisie in die korporatiewe wêreld kry nie. En dit het weer my fokus geword. Die droom is opgediep en afgestof en ek het begin om dit daadwerklik na te streef. Die idee was om my eie onderneming as voorkomskonsultant te begin. Dis in elk geval iets wat ek al as tiener gedoen het toe ek my vriendinne gehelp het om stylvoller aan te trek. Ek het 'n uitgebreide sakeplan opgestel en vol moed met die bankbestuurder gaan praat. Al my aansoeke vir lenings is egter afgekeur, want ek was net 'n te groot risiko. Tog was ek vasberade om dit te maak werk. My man het my heelpad ondersteun. Hy het my visie verstaan en die potensiaal raakgesien. Ons het alles verkoop, selfs ons huis, en die geld het my in staat gestel om Chata Romano op die been te bring.

Die eerste drie jaar was lank en swaar, maar met passie en uithouvermoë het my droom stuk vir stuk waar geword. Ek was een van die eerste voorkomskonsultante in die land en moes die konsep aan vele maatskappye en individuele vroue bekendstel. Vandag is ek baie trots om te kan sê dat meer as 100 000 mense al my werkswinkels bygewoon het. Ek weet nou dat Chata Romano bestaan omdat ek 'n droom gehad het en onwrikbaar geglo het dat ek die droom kon uitleef. F

ARTIKEL SAN-MARI ERASMUS

FOTO: VERSKAF